
OXFORD
AFRIKAANS
4 x Gr.8's @ Planeet XOX
HUISTAAL
NKABV GOEDGEKEUR
GRAAD 8
14
-3
5
6x
X
-1
Annelie Ferreira
OXFORD letterkunde vir suider-afrika

# 4 x Gr.8's @ Planeet XOX

## Annelie Ferreira

Die leermateriaal vir hierdie novelle is ontwikkel deur
Anneke Butler & Corné Erasmus

Fiksieredigering deur Kobus Geldenhuys

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
SOUTHERN AFRICA

# 4 Die ontploffing

"Jy gaan pret hê," sê Zip vir Ameera terwyl sy ons tussen die aliens deur stuur.

"Jy dink?" Ameera lyk omtrent so entoesiasties[29] asof sy boontjies gaan plant.

**Vergelyking**
Ameera se entoesiasme word gelyk gestel aan hoe 'n mens voel om boontjies te plant.

"Die Wiskunde-stalletjie is in daardie groot tent," wys Zap. "Hulle flits formules op 'n skerm en die deelnemers kyk wie kan dit die vinnigste oplos."

Praat van pret …

Iets vee teen my nek. Toe ek omkyk, spring ek amper 'n stalletjie om. 'n Reusagtige swart spinnekoppoot het aan my geraak!

Ek klou aan die tentpaal vas. Die aaklige gedierte skarrel[30] verby, en vier van sy agt oë knip vir my. Jig!


**Personifikasie**
Die spinnekop knipoog vir Bernard.




29 **entoesiasties:** opgewonde
30 **skarrel:** vinnig beweeg

skep. Daar is ook gewoonlik konflik (tussen karakters of as gevolg van gebeure) wat die verhaal interessant maak.

- Die **klimaks**: hier bereik die verhaal 'n hoogtepunt in spanning.
- Die **afloop** en die **ontknoping**: ná die klimaks, nader aan die uiteinde van die verhaal, lees jy hoe die spanning minder word (die afloop) en hoe die konflikte opgelos word (die ontknoping).




Die skrywer gebruik die volgende **tegnieke** om die intrige interessant te maak:

- **Vooruitwysing:** die skrywer bou leidrade by die verhaal in oor wat moontlik kan gebeur (die leser sal dit raaksien as hy / sy fyn lees).
- **Terugflitse:** die verhaal spring terug na iets wat vroeër gebeur het (dit is dalk nog nie vertel nie) om iets belangrik te beklemtoon.
- **Afwagting:** die leser voel aan iets gaan gebeur, maar moet dan aanhou lees om te sien wat dit is – dit maak 'n storie boeiend.
- **Verrassing**: die leser word verras deur iets wat hy / sy nie vermoed het gaan gebeur nie.

## Atmosfeer

Binne die hele storielyn (intrige) is daar 'n sekere **atmosfeer** wat heers. Die atmosfeer (of **stemming**) in 'n verhaal is die algemene **gevoel** waarbinne die storie afspeel. Die skrywer skep hierdie atmosfeer om by die leser die regte gevoel te ontlok. Die stemming help dat die leser deel word van die storie en die gebeure meer intens beleef.